# Kategese

# 12 April 2026

## Gesinsdiens in die kerksaal op die verhoog vir:

## Junior Kategese: Voorskool – Graad 6

**Vertel van God se Extreme Makeover plan:**

Kom ons wonder saam: as God die ou sonde-rommel wegneem uit ons lewens, wat gee Hy ons in die plek daarvan om ons lewens weer oor te bou? Hy gee ons stene soos deernis, vriendelikheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld ens. en so word ons gesinne hier by die kerk saam opgebou.

Daar is nog mense buite die kerk wie se lewens stukkend en vol sonde-rommel is. Hulle het nie stene soos deernis of geduld nie. Dit is baie hartseer en ons kan hulle vertel dat God ook vir hulle 'n extreme makeover kan gee om ook die ou sonde-rommel uit hulle lewens te verwyder.

**1 Petrus 2:9** ***"Julle … is die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig."***

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**
**Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen.

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**
**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)**